**Dinsdag 31 Januarie**
**Skrifgedeelte: Jesaja 9:5; Openbaring 20:1-6**
**Fokusgedeelte: Openbaring 20:6**
**Die oorwinning staan vas!**

Daar is drie groot beskouings met betrekking tot hierdie duisend jaar waarvan Openbaring 20 praat:

- pre-millenium: Christus sal terugkeer vóór (*pre*-) die duisend jaar om sy Koninkryk op aarde te vestig;
- post-millenium: Christus sal terugkeer ná (*post*-) ’n tydperk van ongekende sukses in terme van die prediking van die evangelie, die ommekeer van sosiale onreg ensovoorts;
- a-millenium: Daar is geen (*a*-) letterlike duisend jaar nie, maar die mensdom leef nou reeds in die finale hoofstuk van mensegeskiedenis tussen Jesus se hemelvaart en wederkoms.

Hoewel ons as Christene miskien verskil oor ons interpretasie van Openbaring 20, is daar twee groot onmiskenbare feite waarop ons ons hoop kan vestig:

- Die eerste is dát die Here Jesus weer sal kom, hoewel die tye en geleenthede rondom sy wederkoms vir ons nog grootliks onbekend is.
- Die tweede onmiskenbare feit, ook vanuit Openbaring 20, is dat God soewerein is. Hy oefen gesag uit oor alle magte en kragte – selfs die “ou slang”, Satan.

Die oorwinning staan vas, die heerskappy is op die skouers van die groot Vredevors (Jes. 9:5). Ons kan met groot sekerheid vooruitkyk na die dag wat ons by Jesus Christus sal wees om in heerlikheid saam met Hom te regeer!

*“... die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik”* (Rom. 8:30).

*Sing: Psalm 45-1:12-16*

*Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)*